UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Humanities 100.
1919 - 2019
Department of Afrikaans

Julie 2022

Beste Kollega

**LENTESEMINAAR VIR AFRIKAANSONDERWYSERS 2022**

Een van die hoogtepunte op die Departement Afrikaans se kalender is ons jaarlikse Lenteseminaar vir Afrikaansonderwysers en ná die afgelope twee jaar, is ons opgewonde om weer ʼn seminaar te kan aanbied. Vanjaar se program is, soos gewoonlik, propvol pitkos wat beloof om in ʼn ieder en ʼn elk se smaak te val, met ʼn fokus op ʼn verskeidenheid aktuele onderwerpe vir onderwysers van Afrikaans as Huistaal en as Eerste Addisionele Taal.

Seminaargangers kan uitsien na die volgende temas en sprekers op die voorlopige program:

- Eienskappe van jong volwasse fiksie en wenke in die skryf van jong volwasse fiksie – ʼn paneelbespreking met skrywers Annerle Barnard, Joha van Dyk, Carel van Rooyen.
- Die kortverhaal as genre in die intermediêre- en seniorfase – Annerle Barnard, Marelize Swanepoel.
- Die taalreëltameletjie: Van universiteit na die klaskamer na die eksamensentrum – ʼn paneelbespreking met taalkundekenners en vakadviseurs.
- ʼn Sessie met verskeie boekbekendstellings – met onder meer Chrystal Donna-Robberts en Joha van Dyk.
- Wetenskapsfiksie teenoor fantasie – Donkerbloed as ideale wetenskapfiksie vir die klaskamer – Elrien Scheepers, skrywer van Donkerbloed.
- Nuwe voorgeskrewe werke vir EAT en HT word onder die vergrootglas geplaas deur Marié Grabe en Jacomien van Niekerk.

Die finale program sal in Augustus beskikbaar wees.

Kamer 15-14, Vlak 15,
Geesteswetenskappe-gebou
Universiteit van Pretoria, Privaatsak X20
Hatfield 0028, Suid Afrika
Tel +27 (0)12 420 4075
Faks +27 (0)12 420 2349
Epos tercia.klopper@up.ac.za

Fakulteit Geesteswetenskappe
Lefapha la Bomotho

Faculty of Humanities
Lefapha la Bomotho

Hiermee 'n hartlike uitnodiging na vanjaar se Lenteseminaar op **Vrydag 9 September 2022** in die Normaalsaal en Ouditorium op die Groenkloofkampus van die Universiteit van Pretoria. Registrasie sal om 07:30 begin.

**Registrasie en ander reëlings**

- Die inskrywingsgeld beloop **R500.00** per persoon. Dit sluit volgstukke, tee, koffie en verversings, en 'n wegneem-middagete in.
- Voltooi asb. die aangehegte vorm en stuur dit na mev. Klopper by tercia.klopper@up.ac.za. *Maak asseblief seker dat mev. Klopper u registrasievorm ontvang*. Dit verseker dat daar genoeg eetgoed is, dat u 'n lêer ontvang, en dat toegang vir u by die hek gereël word (toegang by UP word nou streng beheer). Indien mev. Klopper nie bewys van betaling kry nie, is dit onmoontlik om vas te stel of die registrasiegeld inderdaad inbetaal is.
- Laat weet asseblief so gou moontlik, maar op die laatste teen **Woensdag, 31 Augustus 2022**, van u voorneme om die seminaar by te woon.

**Betalings kan soos volg gemaak word:**

- elektronies via 'n internetbankbetaling, of
- 'n bankdeposito in die rekening.

BANKBESONDERHEDE:
Universiteit van Pretoria, ABSA Hatfield 632005, rekeningnommer 214 000 0038. U moet asseblief die volgende verwysing gebruik: **A02216**.

**NB: Bewys van betaling/registrasie**
U moet asseblief **bewys van registrasie en betaling** na mev. Tercia Klopper stuur om seker te maak dat sy bewus is van u inskrywing en die getal seminaargangers van u skool. U mag u bewys elektronies (per e-pos) of per faks stuur.

| | |
|---|---|
| **E-posadres:** | tercia.klopper@up.ac.za |
| **Faksnr.:** | (012) 420 2349 / 086 2600 330 |

*Maak asseblief baie seker dat u bewys van betaling mev. Klopper bereik het. Daarsonder sal u inskrywing ongelukkig nie geldig wees nie.*

Ons hoop dat u hierdie besonderse seminaar in groot getalle sal bywoon!

**DR. LINETTE VAN DER MERWE**
**Voorsitter: Lenteseminaarkomitee**

**PROF. WILLIE BURGER**
**Departementshoof**

Faculty of Humanities
Fakulteit Geesteswetenskappe
Lefapha la Bomotho